

**Efesiërs 2:13-22**  
**5 Junie 2016 - 2de Sondag na Trinitates**

Maar nou is julle één met Christus Jesus.

Julle wat vroër ver van God gelewe het, het nou naby gekom *deur die bloed van Christus*. Christus is ons **vrede** - Hy wat die twee, Jode en nie-Jode, **een** gemaak het.

*Deur sy liggaam te gee*, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroër soos 'n muur skeiding gemaak het. Die wet van Moses met al sy *gebooie en bepalings het Hy opgehef*, en *deur vrede te maak*, het Hy in Homself die twee, Jode en nie-Jode, tot **één** nuwe mensheid verenig.

*Deur sy dood aan die kruis* het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en die twee met God versoen en tot een liggaam verenig. *Toe Hy gekom het*, het Hy die goeie boodskap van **vrede** gebring: **vrede** vir julle wat ver van God was, **vrede** ook vir dié wat naby was.

Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, *deur die een Gees vrye toegang tot die Vader*.

Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar **medeburgers** van die gelowiges en lede van die **huisgesin** van God.

Julle is 'n **gebou** wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n **heilige tempel** vir die Here, in wie ook julle saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.

(1) Bybelstudie

Liewe gemeente,

'n Verlossingslied! Watter ryke beeldspraak; ons hoor die musiek uit die woordemelodie; ons sien die kleure en vleure wordeprent. 'n Vreugdepsalm oor God se groot wonderdade! Dit is wat God doen! Kom luister en sien, kom word vernuwe en ontvang die toekoms.

Ja, sommiges beskou hierdie verse ook as dooplid, want dit gaan hier mos oor God se wonderdade *wat Hy aan my* gedoen het. Wat het God gedoen:

- die hele mensdom een gemaak in Christus Jesus (nie algemene medemenslikheid / humanity nie); dit is wat God doen!
- Christus is ons vrede! (Nie die Verenigde Nasies in New York, die globale kampanje teen aardverwarming, ens nie)
- weereens: Hy het vrede gemaak, Vyandskap opgehef
- Jode en nie-Jode (dit is alle ander mense) het hy tot een liggaam vereinig
- drie keer *vrede* gebring ... vir die wat ver weg was (dit is nie-Jode) en diegene wat naby was (Jode)
- en dan drie beelde of vergelykings sodat ons beter sal verstaan:
  - ons is nie meer bywoners / gaste / toeriste / imigrante, maar medeburgers
  - ons is nou deel van God se familie / erfgename / kinders van God
  - ons is 'n gebou, saam ingevoeg soos klippe om saam 'n tempel daar te stel waarin God woon.

Hoe het Hy dit gedoen? Al die gedeeltes is in die aangebuiende teks (projektor):

*Deur die bloed van Christus; deur sy liggaam te gee, deur die skeidingsmuur af te breek, deur die wet van Moses op te hef, deur vrede te maak, deur sy dood aan die kruis, deur te kom en te verkondig, deur die een Gees ...*

Kortweg, deur alles wat ons in die Apostoliese geloofsartikel glo en bely. Martin Luther het dan in sy verklaring juis daaropag geslaan op God se verlossingswerk wat Hy vir my gedoen het. En in die verklaring van die 3de artikel sê hy: **God het my deur die Evangelie geroep, verlig en geheilig ... net soos Hy die hele Christendom op aarde roep verlig, vergader en in Christus geheilig het.**

Dit is dus duidelik dat God op 'n sendingmissie is: Hy soek, roep, heilig en verenig. En wanneer ons oor *vernuwing* in die gemeente praat, dan poog ons veral om in hierdie missie van God in te val. Hy doen dit in elk geval - ook sonder ons. Maar ons is bevoorreg om deel te neem aan God sy missie - naamlik om ook mense te soek, te roep, hier in die kerk te heilig deur die doop en nagmaal, en verder as verenigde gemeente te groei in die geloof totdat ons eendag vervolmaak sal word deur die opstanding van die dood en die ewige lewe te beërwe, tesame met alle gelowiges van alle tye op alle plekke.

## (2) oorgang van teologie tot praktyk

Ons gemeente bou in die eerste lyn nie deur allerhande kragformules, projekte, “vision and missions”, of strukture nie, maar in die eerste lyn bou GóD sy kerk deur individuele lede in sy liggaam in te lyf. Natuurlik wil ons dan ook as gemeente saam leef, strukture inrig en “vision en missions” uitwerk - ons sal in die komende week by die verskillende wyke nog in diepte daaroor praat, maar in die klem moet daarop val wat God vir my in Christus gedoen het.

Vandag is tema vir hierdie Sondag lui: **God se groot uitnodiging**.

*Kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is, en Ek sal rus gee vir julle siel!* - nooi Jesus uit. Waarheen gaan ons dan? Ons gaan na Jesus toe deur na die erediens toe te gaan, om daar sy liefde te ontvang, sy liefdesmaltyd, die nagmaal. Ons luister en lees in God se woord, die Bybel. Ons soek die gemeenskap van gelowiges op want in, deur, en met gelowige mense wil God die wêreld genees.

Ons het laas Sondag gehoor dat God se liefde 'n liggaam wil kry - jou liggaam! God se liefde moenie net teoreties en abstrak geglo word nie, maar prakties uitgeleef word. En waar God teenwoordig is, waar die liefde uitgeleef word - daar word die tempel van God gebou, daar is kerk in aksie.

[Ons teksgedeelte uit die brief aan die Efesiërs staan in krasse kontras tot die **lesing uit die Evangelies** (Luk.16:17-24) waar mense nie aan God se uitnodiging gehoor gegee het nie. Hulle was te besig, het ander prioriteite gehad, gefokus op ander goed - en sonder dat hulle regtig God teegestaan het, het hulle net so terloops God se groot uitnodiging gemis. Die gelykenis speel aan op vroom mense (Israel) wat God se liefde nie wou gehad het nie. So het God uitnodiging dan na die ander nasies, volke en rasse toe gegaan - soos in die geval van die gemeente te Efesus. Daar was heidene wat openhartig die Evangelie aangeneem het; daar was ook sommige Jode wat tog gehoor gegee het aan God se liefde. Joden- en heidenchristene het langs mekaar gestaan in die Koninkryk van God ... of het hulle?]

Daar is 'n gesegde wat lui: waar God sy kerk bou, bou die duiwel ene langsaan. Die gemeente te Efesus het nie gespaar gebly nie of russie en onenigheid het onder hulle pos gevat. Een groep het hulle verewe bo die ander gesien. Daar het skeiding in die geleedere van die gemeente gekom. Van hierdie skeidingsmuur praat ook ons teks vir die preek wat uit Ef.2 geneem is. *Deur sy liggaam te gee, het Jesus die vyandskap afgebreek wat vroër soos 'n muur skeiding gemaak het*. Paulus praat van die skeiding tussen God en mens (sonde / wet) maar ook van skeidslyne tussen mense. Sonde bring skeiding tussen God en mens, en die gevolg is dat mense ook onderlings skeiding maak - óns bly hier en julle bly daar.

Die **skeidsmuur** was bv. daar waar Christene wat vanuit die Jodendom gekom het en Christene wat uit die heidendom gekom het en hulle waardes en voorstelling gebots het. Ons kan maar ook sê: aan die een kant was dit Christene wat uit 'n lang tradisie afkomstig was; hulle was trots op hulle etniese- ryk godsdienstige oorsprong. En aan die ander kant was daar jong gelowiges wat vroër allerhande hemelmagte geglo het; en hulle was vry van tradisionele voorskrifte en Joodse verordeninge. Nou het hierdie groepering binne die gemeente negatief ontaard, dat Paulus dit as 'n

uiters belangrike punt noem, dat in Christus hierdie skeidslyn afgebreek is. Die skeidslyn tussen God en mensdom is afgebreek - en die gevolg is dat ook tussen mense die skeiding opgehef word.

### (3) verdere uitleg / aanwending

En ons ken hierdie soort verdeeldheid binne ons eie geleedere. Daar is die Duitse en Afrikaanse gedeeltes; daar is die Engelse gemeente, blankes, swartes ens. Daar is die koperblaasorkes, die jong jeug, die “hoër status gesinne” of wat ook al, en ook diegene wat met niemand in die gemeente geassosiër wil word nie en sommer vriende buite die geloofsgemeenskap soek en vervreemd raak van die gemeente.

Hoe spreek Paulus die probleem aan? Hy beklemtoon eers die gelykheid van almal vóórdat hulle tot geloof in Christus gekom het. Wat mense se toestand was voordat hulle in Christus die lewe gevind het, beskryf Paulus as “dood”. Soos lyke dood-dood is, niks meer hoor en geen gevoel het nie, só was heidene vir die woord van God. “Dood” was ook die Jode wat wel die Woord van God gehad het, maar nie daarvolgens geleef het nie. Hulle almal is skuldig voor God.

Daarom geld ook vir almal dieselfde antwoord: *Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.* Christus het ’n nuwe tydsera ingelui dat almal deur die doop en geloof die ware goddelike, gevulde lewe ontvang het. **Deur die doop is almal in die een liggaam van Christus ingelyf**, ons is deel van die koninkryk van die lig, erfgename van die hemel. [Dit is wat ons glo! Nie noodwendig sien nie, maar van harte glo want God self bewerkstellig hierdie eenheid sonder dat ek en jy tot die nuwe lewe enige bydrae gelewer het.] Dit is alles geskenk uit genade alleen.

En verder gebruik Paulus verder drie vergelykings om hierdie toestand van alle gelowiges te omskryf. Hy maak gebruik van sosiale, politieke en godsdienstige terme:

1) Julle is nie meer **bywoners** nie. Julle heidene is nie meer gaste wat kom kuier en dan een of ander tyd weer loop nie, nee, julle is deel van die familie; julle is deel van die huisgesin van God. As kinders van God sal hulle ook erfgename word van die hemelse Koninkryk. Met ander woorde: Julle is broers en susters! Nou goed toegegee, broers en susters baklei mos af en toe, maar dit is nie waaroor dit gaan nie; broers en susters sal altyd besef dat in hulle are dieselfde bloed vloei, dat hulle saamgevoeg is, dat hulle deel is van een familie, een liggaam van Christus.



2) Die tweede term wat Paulus gebruik, kom uit die politieke arena: julle is **medeburgers**. Vir die Grieke en die Romeine later ook was daar eintlik net één volk - al die ander was barbare. Daar was net een adelike ras - die Romeine ( en dit was reeds ’n ongelooflike eer om ’n Romein te wees - al die ander volkere was minderwaardig).



Dieselfde het die Jode aan die ander voorgehou: daar is net een uitverkore volk van die Here, naamlik die Jode - al die ander was nie-Jode, en dus minderwaardig, nie so naby aan die Here soos Jode nie.


Nee, sê Paulus, julle is in Christus almal medeburgers van die een nuwe Koninkryk van God. Daar is geen verskil tussen julle nie. Julle was almal sondaars en julle is nou almal verlosdes! In Christus is julle almal gelykwaardig met gelyke regte en verantwoordelikhede, erfgename van die ewige saligheid. *Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.*



3) En die derde term kom uit die godsdienstige sfeer van die **tempel**. Wie al sketse van die destydse tempel gesien het, sal weet wat se indrukwekkende gebou dit was. Die fondamentklippe was ongelooflik groot. Seker so en by 7-10 m lank, 1½ meter breed en sowat 'n meter hoog. Hoe die mense die 100de swaar klippe vervaardig het en op die regte plek geskuif het, bly tot vandag toe 'n wonderwerk. Daardie klippe sou beslis deur niemand geskuif word nie. En op hierdie vaste fondamentstene kon dan daardie pragtige geboue opgerig word, wat eeue lank gehou het en tot vandag toe nog in die middeooste besigtig kan word.



Die fondament wat Paulus beskryf, is die fondament wat die Apostels gelê het. Die kerk is niks anders as die resultaat van God se Woord wat Hy deur die Apostels en profete laat verkondig het



nie. Alle grondwette van die kerk, alle gemeenteordes, alle beplanning en projekte moet op hierdie fundamente gebaseer wees (anders word hulle bloot mensewerk wat van korte duur is en baie misleidend). Dit is ook die enigste fondament waarop jy jou lewe kan bou. Dit is die fondament wat hou deur alle tye, deur alle storms en aardbewings, deur alle versoekings en uiteindelik deur die vloedwaters van die dood. Jou doop en God se belofdes hou stand totdat ook jy en ek saam die uiteindelijke doel bereik.

Die **koepels** van sommige dakke was op so 'n manier gebou dat alle klippe mooi inmekaar gevoeg word, totdat dit in die middel bymekaar kom. En in die middel van daardie koepel (halwe bal) was een belangrike steen wat presies reg gesny moes gewees het, sodat alle ander klippe van alle kante ingevoeg kon word. Dit was die **hoeksteen**, die belangrikste steen wat die hele koepel gedra het. En nou sê Paulus:



*Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.*

Hoe sal broers en susters binne die geloofs familie met mekaar omgaan? Hoe sal medeburgers teenoormekaar optree? Hoe sal lewendige stene in 'n koepelgebou hulself teenoor mekaar gedra? Ons bevind onself op die bouperseel van God. Hier in die gemeente word nie net uiterlik gewerkskaf, gras geplant en tuin gemaak nie; hier word mense geestelik gebou en die liggaam versterk. Is dit nie nou vanselfsprekend dat ons eensgesind mekaar as broers en susters, as medeburgers en lewendige stene in die tempel van God sal aanvaar nie? - want ons is dit reeds!

Groei en opbouing kan slegs plaasvind wanneer ons mekaar in Christus as één gemeente aanvaar. Ons kan mekaar slegs verryk, vermaan en vertroos as ons soos lewendige stene mekaar as god-gegewe sien en oop maak vir mekaar; as ons kommunikeer, afhanklik wees en op mekaar kan staat maak. So wil ons onself vasmaak in Hom van wie ons almal afhanklik is - Christus. Hy wil ook ons gemeente tot sy tuiste maak sodat nog ander in die heilige tempel ingevoeg kan word. Aan Hom wil ons onself uitlewer. Ons wil Hom ons alles gee, want Hy het alles vir ons gegee. Soli Deo Gloria. Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.